# Vraag na rooivleis daal, pryse ook onder druk

Slegte nuus vir vleisboere wêreldwyd is dat die groei in die vraag na vleis op kort termyn beperk behoort te word deur stygende koste vir verbruikers en 'n swak groei in inkomste in baie lande.

**DIE** indeks van die Verenigde Nasies se Voedsel-en-landbou-organisasie (VLO) wys dat vleispryse in 2022 met 8% gestyg het, grootliks vanweë die impak van die covid-19-pandemie, wisselvallige produksie en die uitbreking van dieresiektes.

Luidens die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) se basislyn-landbouvooruitskatting vir 2023-'32 het die verbruik van beesvleis in Suid-Afrika die afgelope dekade met 7% per kop gedaal.

Skaapvleis bly die duurste vleis en die verbruik daarvan het gemiddeld met bykans 30% gedaal tot minder as 2 kg per persoon per jaar vanaf 2020 tot 2022.

Vleispryse het wêreldwyd verlede Junie 'n hoogtepunt bereik, waarna dit geleidelik gedaal het. Na verwagting sal die meeste pryse vanjaar verder verswak, 'n laagtepunt in 2024 bereik en dan in die komende dekade matig styg. Na verwagting sal reële aangepaste vleispryse teen 2032 tot 14% laer wees as tydens die basisperiode van 2020-'22.

Vleisproduksie het wêreldwyd met net 2% in 2022 gestyg, ingeperk deur dieresiektes, stygende koste van veral voer, en uiterste weer.

Verbruikersbestedingspatrone sal na verwagting verander, met minder besteding aan vleis, maar ook vanweë die vervanging van duurder snitte met goedkoper vleis of -snitte, asook om minder geld te bestee aan uiteet.

## Plaaslike markvooruitsig

Winsgewendheid in die Suid-Afrikaanse vleisbedryf is onder groot druk. 'n Magdom van probleme, soos swak munisipale dienslewering, het die vleisbedryf se veerkragtigheid tot die uiterste beproef.

Vleisverbruik in Suid-Afrika is gevoelig vir verbruikerskoopkrag, asook die pryse van die verskillende vleisprodukte. Terwyl algehele vleisverbruik die afgelope dekade gegroei het, is dit grootliks aangedryf deur bekostigbare produkte, soos pluimvee- en varkvleis.

Die verbruik van pluimvee- en varkvleis het die afgelope tien jaar met onderskeidelik 4% en 21% per kop gestyg.

Die toename in die verbruik van beesvleis is gekortwiek deur aansienlike stygings in beesvleispryse, veral die afgelope vyf jaar toe voorrade beperk was ná kuddeverkleinings tydens die 2016-droogte.

Bekostigbaarheid sal die sleutel wees tot verbruikersbesluite oor hoeveel vleis in die komende dekade verbruik gaan word.

Die inkomste van verbruikers sal na verwagting onder druk bly, veral op kort termyn, vanweë die kombinasie van swak ekonomiese groei, hardnekkige inflasie en strenger monetêre beleid om inflasie in bedwang te hou.

Gevolglik word daar verwag dat die verbruik van vleis oor die volgende twee tot drie jaar sal daal voor dit op mediumtermyn ietwat sal herstel, hoewel die herstel net matig sal wees. Die meeste van die verwagte groei in vleisverbruik is in die tweede deel van die vooruitskouingsperiode, gerugsteun deur klein stygings in inkomste.

Verbruikersneigings vir die verskillende vleistipes sal in die komende dekade ook relatiewe prysbewegings weerspieël. Die verbruik van skaapvleis behoort verder te daal – tot 6% teen 2032.

Terwyl inkomste en prys kritieke faktore van verbruik is, word algehele groei in volume ook bepaal deur bevolkingsdinamika, met bevolkingsgroei en verstedeliking die belangrikste aspekte.

Hoewel die groei in verbruik na verwagting stadig gaan wees, dui die groeiende bevolkingsyfers daarop dat groei in algehele verbruik vinniger sal wees. Daar word verwag dat beesvleisverbruik in die tien jaar tot 2032 met 15% kan styg, terwyl die verbruik van skaapvleis met 9% kan styg.

Altesaam 4% van Suid-Afrika se beesvleis is in 2023 uitgevoer. Die historiese groei in beesvleisuitvoer is een van die landbou se suksesverhale, maar dié winste het in onlangse jare tot stilstand gekom aangesien verskeie struikelblokke, veral die uitbreking van bek-en-klouseer, die bedryf in die gesig staar.

Beesvleisproduksie behoort in die vooruitskouingsperiode teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 1,6% te groei. Dit is 'n weerspieëling van aansienlike bykomende voorrade wat die mark van 2023 tot 2025 sal betree, aangesien die kuddeboufase wat oor die afgelope vyf jaar plaasgevind het, in slagvolumes gesien gaan word.

Dié uitbreiding sal na verwagting tot laer pryse in die vroeë jare van die vooruitsigperiode lei vanweë die huidige swak verbruikersomgewing en laer uitvoer in die lig van voortslepende bek-en-klouseer-kwessies. Dié daling in pryse is ook een van die grootste faktore wat die verwagte groei in verbruik ondersteun, ondanks lae groei in verbruikersinkomste.

Die uitvoer van beesvleis het van 2012 tot 2021 teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 18% gegroei. Volumes het egter in onlangse jare stagneer en in 2022 is 6% minder beesvleis uitgevoer as in 2021.

Groei sal egter oor die komende dekade stadig bly, met uitvoer wat teen 'n gemiddelde koers van 1% sal groei, gekortwiek deur dieresiektes. **LBW**

**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**